DIE MEULENAAR

Amptelike Nuusbrief van die

BOND VAN DIE VERMEULEN FAMILIE

Posbus 340, Fontainebleau, 2032

Tel/faks : 011 793 7271. Sel : 082 921 0344

Webblad : www.vermeulenbond.org

E-posadres : jverm@lantic.net

Jaargang 11 : 2012/1 Januarie 2012

1 VOORWOORD

Die bestuur van die Bond wens vir elke lid van die Bond, hul families en ander lede van die Vermeulen familie ‘n baie voorspoedige 2012 toe.

2. ALGEMENE LEDEVERGADERING

‘n Algemene ledevergadering is op 5 November 2011 te Bloemfontein gehou.

OPSOMMING VAN DIE LEDEVERGADERING :

2.1 KONSTITUERING

Volgens die Grondwet vorm 15 lede ‘n kworum. By die vergadering was 27 lede teenwoordig of was verteenwoordig .

2.2 VOORSITTER- EN FINANSIële VERSLAE : OORSIG OOR JAAR 2010-0301 TOT 2011-02-28

Verslae is voorgelê en goedgekeur.

2.3 VERKIESING VAN BESTUUR VIR 2011/12

Nominasies vir bestuurslede is vir die volgende lede ontvang :

1 Nicholas Francois Vermeulen, Posbus 1225, Strubensvallei, 1735
2 Izak Stefanus Vermeulen, Rooibokweg 14, Robinhills, Randburg, 2194

3 Johannes Petrus Vermeulen, Hobsonstraat 1, La Hoff, Klerksdorp, 2571

Na bespreking , is al die genomineerdes aanvaar as Bestuurslede vir die periode 2011-11 -05 tot die volgende Algemene Ledevergadering.

Ons dank aan die twee bestuurslede, wat hul nie weer verkiesbaar gestel het nie, naamlik Johan (JLM) VERMEULEN en Annie (AS) FOURIE, vir die diens aan die Bond oor die afgelope aantal jare.

2.4 ALGEMEEN :

Die volgende aangeleenthede is bespreek :

1. Bestuur moet poog om iemand te bekom om die Bond te bemark.

2. Dokumente wat oor die jare vergader is moet geskandeer word. Dit daarna in
GGSA Noord -Wes se bewaring geplaas en bewaar word. Die dokumente bly die
Bond se eiendom en moet terugbesorg word as GGSA Noord-Wes, om welke rede ook al, dit nie verder kan bewaar nie. ‘n Skriftelike ooreenkoms sal opgestel word.

‘n CD van die geskandeerde dokumente moet in die Bond se besit bly.

3. Be stuur moet die moontlikheid ondersoek dat lidmaatskap van die Bond uitgebrei word deur bv. persone jonger as 18 jaar toe te laat as lede/vriende.

4. Dit word algemeen aanvaar dat die lidmaatskapfooie vir 2012/13 vasgestel word op:

? Lede : R75 per jaar ?
Vriende : R50 per jaar.

3. LEDEGELD EN LIDMAATSKAPAANGELEENTHEDE :

3.1 LEDEGELD:

Ledegeld vir die finansiële jaar vanaf 1 Maart 2012 tot 2 8 Februarie 2013 is nou

betaalbaar. ‘n Beroep word op alle lede gedoen om die ledegeld voor of op 1 Maart 2012 in die Bond se bankrekening in te betaal.

‘n Beroep word ook op elke lid gedoen om die inligting soos per aangehegte vraelys, (aanhangsel 1), so spoedig moontlik te voltooi en aan ons terug te stuur.

Hierdie inligting word benodig ten einde ons lederegister op datum te bring. Sommige lede is reeds vir baie jare lid en hul besonderhede mag dalk intussen verander het.

3.2 VRIENDE VAN DIE BOND :

Die Bond het goedgekeur dat die volgende persone as ‘n vriend van die Bond toegelaat sal word, indien :

1. Hy/sy moeder ‘n gebore (geregistreerde) Vermeulen is/was;
2. Hy/sy ouma ‘n gebore (geregistreerde) Vermeulen is/was;
3. Hy/sy ‘n gebore (geregisteerde) Vermeulen is, maar nog nie die ouderdom van 18 jaar bereik het nie.

‘n Vriend geniet dieselfde voordele/voorregte as ‘n lid van die Bond. Hy/sy mag egter nie voorstelle indien of stem op ‘n jaarlikse algemene ledevergadering nie.

Mag ook nie dien as ‘n bestuurslid nie.

3.3 WERWING :

Onder punt 7 sal u merk dat ons gedurende die jaar pogings gaan aanwend om nuwe lede en vriende te werf.

‘n Beroep word dus op Vermeulens en Vermeulen afstammelinge gedoen om aansoek te doen om lidmaatskap. (Sien aangehegte aansoek om lidmaatskap, aanhangsel 2)

‘n Beroep word ook op bestaande lede gedoen om elk minstes een nuwe lid te werf.

Vooltooide aansoeke, met bewys van betaling van die voorgeskr ewe fooi, kan per epos gestuur word na jverm@lantic.net of gefaks word na : 011 793 7271 of 086 675 3742

4. VERMEULEN BYEENKOMS, BLOEMFONTEIN :

Op 5 November 2011 het die Vermeulen byeenkoms en algemene ledevergadering plaasgevind in die kerksaal van die Afrikaanse Protestante Kerk, Moedergemeente,

Faunasig. Bloemfontein.

Die byeenkoms is deur 75 persone , wat vanaf oral in die land afkomstig was, bygewoon en kan as die hoogtepunt vir die jaar 2011 beskou word.

Nico Vermeulen, die nuutverkose bestuurslid, se opsomming van die byeenkoms :

WAT MAAK DIE MEULENAARS IN BLOEMFONTEIN?

Alles behalwe die betekenis van ons van! ‘n Gees van samewerking, kuier, gesels, kennis maak, uiters interesante aanbiedinge, uitstallings, heerlik eet en Vermeulen wyn geniet! Wow, 5 November 2011 was ‘n dag om te beleef.

Van heinde en vêr oor Suid Afrika: Kaap, Durban, Roodepoort, Klerksdorp, Randburg, Krugersdorp, rol die wiele na die binneland – ons het makietie gehou. Jonk en oud was daar, van peuters tot 80 jaar.

Die voorbereidings vir die byeenkoms het al vroeg in die jaar begin. Die komitee het gewonder waar sou die beste pl ek wees? Sou die Vermeulens kom want petrol en verblyf is duur en die algehele stand van die ekonomie is laag. Slegs ‘n sentrale plek en ‘n baie interesante agenda sal die mense trek – en dit het! Die detail voorbereidings deur die komitee het vrugte afgewerp. Alles het seepglad verloop, danksy die hoogs gewaardeerde hulp van baie vrywilligers. As voorbeeld: Ons stap Vrydagmiddag 3 uur in ‘n groot leë kerksaal binne. Binne ‘n uur is die saal uitgepak met tafels, stoele, die klanktoerusting opgestel, die pro jektor werk en die uitstalruimtes is gereed.

Saterdag oggend is die komitee en helpers vroeg daar. Die opgewondenheid borrel hier binne. Gaan almal opdaag, watter interesante Vermeulens gaan ons ontmoet, die stories, die verbintenisse, die weersiens? Ai, dit is heerlik! Die program loop seepglad en die een spreker na die ander laat jou vasvang in soveel interessanthede dat jy wens dit kan vir ewig aanhou.

Etenstyd sit die dames van die kerk vir ons ‘n heerlike Vrystaatse ete voor, en nie te praat van die nagereg nie. Nico Vermeulen, ons eie wynmaker, het vir ons ‘n

verskeidenheid van sy wyn geskenk vir die ete. Tydens ete beskou almal die uitstallings en koop Vermeulen geskenkies.

Na die middagprogram en afsluiting, draal mense rond asof hulle nie wil afs keid neem nie. Dit was *so* lekker en interessant. Gewillige hande help ons gou opruim – en ons groet – Vermeulen groete.

Dankie vir die organiseerders, julle het julle uitmuntend Vermeulen van julle taak gekwyt!

'n Paar e-posse wat, na die byeenkoms, ontvang is :

Goeie middag Johan,

Ons wil graag vir jou baie dankie sê vir die byeenkoms wat julle aangebied het. Julle organisasie was puik en alles was deeglik beplan. Eers nou besef ons watter geweldige klomp werk jy gedoen het met die geslagsregister wat julle saamgestel het. Dit moes duisende ure se werk gewees het. Jy kan werklik trots wees op dit wat julle vermag het. Ons het dit baie geniet om weer lekker met die ou familie en bekendes te gesels. Ons sien mekaar net te min.

Nogmaals baie dankie vir 'n heerlike dag. Jy verdien 10 uit 10 !

Kobus en Ina Smith.

More Johan,

Ek is baie dankbaar. Dit was te wonderlik om te beskrywe.Ek en Piet het na soveel jare mekaar weer gevind. Ons het vir baie jare nie met mekaar gepraat nie.ALLES

was net soos 'n droom. Dit was 'n groot sukses. Ek het so baie uitgevind en ook oor Katarina Opklim en sooooo baie dinge. My hart voel vrede. Dit was 'n groot wens van my in my lewe om meer te weet van my . En daar was nog 'n Soekie Vermeulen gewees. En ek het gesels en gesels sommer met almal. Ek gaan nou resepte kry en ja, ek sal kontak hou met van die mense.
Ek vertel net vir almal by die werk. Hulle staan om my lessenaar en ek vertel want ek

het so baie om te vertel.Baie dankie. Met my hele hart bedoel ek dit. Groot groete Soekie

Ek wens my pappa kon die byeenkoms bygewoon het. Hy was Badenhorst, maar sy mamma was ouma Clasina Vermeulen, die Grabe - nooi se dogter. Ek was vir

hom geweldig lief, en het baie na hom verlang. Sien, jy en hy lyk presies eenders. Hy was ook 'n baie mooi man. Die vorm van die kop, die bo -lip en neus, en dan daardie groot ore langs die kant van die kop! Ek het my suster kom bel om te

vertel.Dankie vir die moeite wat julle gedoen het om alles so mooi moontlik te maak.

Groete! Christela Du Raan.

'n Paar Fotos :

Izak en Retha VERMEULEN ontvang en registreer byeenkomsgangers.

Nico VERMEULEN aan die woord .

" Slypklip se diamante" Johan Vermeulen aan die woord.

'n Gedeelte van die VERMEULENS wat die middagete geniet het.

Van ons Senior VERMEULENS, Ina SMITH, Magna en JAN VERMEULEN

Elizabeth VERMEULEN

Sanette VERMEULEN van Bloemfontein, wat tot op 30 Oktober 2011 verbonde was aan die NALN te Bloemfontein, het by die byeenkoms 'n praatjie gelewer oor een van ons eerste Afrikaanse Romanskrywers, naamlik Elizabeth VERMEULEN.
Elizabeth het in total 14 Afrikaanse boeke vanaf 1941 tot 1966 geskryf.
Sanette het ook 'n pamflet, wat uit vier bladsye bestaan, saamgestel en vir ons beskikbaar gestel.

(Die drukwerk is deur Wimpie VERMEULEN Forms gedoen).

Sien bl. 1 van die pamflet.



Elizabeth Vermeulen

Elizabeth Fouché Vermeulen is op 15 Mei 1897 op Aberdeen in die Weskaap gebore. Haar eerste lewensjare het sy deurgebring op die plaas Groot-Kalkfontein in die Prieska-distrik, in die ou plaashuis wat deur haar oorgrootvader aan vaderskant gebou is.

Die plaas Groot Kalkfontein, met die bouwal, waarskynlik van die huis wat deur Elizabeth se Oupagrootjie gebou is.

Haar ouers het later op hul eie plaas Grootpan gaan boer. In 1944 het hulle op Prieska gaan woon.

Elizabeth het haar vroegste onderwys in 'n plaaskool ontvang. Met die koms van swaar droogtes is die plaasskool gesluit en moes sy tuis studeer, om eers later met die koms van beter tye vir die boerdery haar skoolloopbaan aan die Prieska Hoërskool te voltooi.

Na haar onderwysopleiding in Wellington het sy 'n paar jaar lank onderwys gegee en later ook 'n verdere kursus in kindertuin-onderwys in Kaapstad voltooi. Marilzani, Niekerkshoop, Darling en De Aar is 'n paar dorpe waar sy haar beroep as opvoeder beoefen het

In 1947 neem Elizabeth egter die dapper sprong, en verlaat die onderwys om op Prieska te gaan woon sodat sy kon skryf en ook haar begeerte vervul om ver plekke te ontdek. Sy reis na Europa en die Heilige land. Die klein aandenkings wat sy met haar oorsese toere in verskeie lande versamel het, sowel as haar nagelate foto's, vertel die verhaal van haar lewensreis in die eerste helfte van die 20ste eeu.

Die huis in Ahrbeekstraat, Strand. In die kamer regs het Elizabeth haar boeke geskryf.

In 1957 verhuis Elizabeth na Die Strand om vir die volgende agttien jaar in 'n huis saam met haar twee ongetroude susters te woon. Sy sterf in haar 81ste lewensjaar in April 1978 en word begrawe uit die Ametis-Ouetehuis in Die Strand waar sy haar laaste lewensjaar geslyt het.

Die omgewing van Elizabeth se kinderjare het 'n neerslag gevind in haar romans. Die pragtige plaas by Prieska met sy uitgestrekte tuine en landerye, lopende fonteindamme, populierbome en wilgerbome, sowel as die plaasiewe van die vroeg-twintigste eeu, word weerspieël in haar werk. Ook die brokke geskiedenis van die Noordweste soos haar grootmoeder dit aan haar oorvertel het, het 'n belangrike voedingsbron vir haar skryfwerk geword.

Terwyl sy op De Aar onderwys gegee het, het haar eerste historiese roman *Temmers van die Noordweste* in 1941 verskyn. Die verhaal van die van Louwenstein pioniersfamilie, wat vroeg in die 19de eeu begin, is verder vertel in die ander twee dele van die trilogie, nl. *Stormlaagte* (1943) en *Elsa* (1944).

5. DIE OPGEDATEERDE GESLAGSREGISTER :

Die Vermeulen navorsing is aan die einde Augustus 2011 afgesluit en is 'n opgedateerde Vermeulen geslagsregister saamgestel.

In hierdie geslagsregister is die getal Vermeulens en Vermeulen afstammelinge met meer as 4000 addisionele persone se inligting aangevul.

In die vorige register is 103 foto's geplaas. Die huidige register bevat 1500 foto's, wat bestaan uit foto's van persone, foto's van dokumente, kaarte van plase en ou opstalle asook foto's van grafstene van Vermeulen grafte.

Die register bestaan uit 963 bladsye, wat die alfabetiese indeks insluit .

Daar is op ’n cd besluit omrede die koste verbonde aan die druk van ’n register in boekformaat geweldig hoog is. Daar was eers oorweeg om die geslagsregister ook op dvd beskikbaar te stel. Aangesien die totale register met die foto-albums asook die indekse op ’n cd inpas en daar nog persone is wie se rekenaars moontlik nog nie oor dvd lesers beskik nie, is op cd’s besluit.

Op versoek van ’n aantal persone en op bestelling, is besluit om wel ’n beperkte aantal boeke te laat druk. (6 0 boeke is gedruk)

Hierdie boeke bevat slegs die geslagsregister met die alfabetiese indeks, sonder die foto’s.

Die cd en die boeke is op 5 November 2011 by die Vermeulen byeenkoms en

algemene ledevergadering te Bloemfontein bekend gestel.

Die volgende is nog beskikbaar :

1. Die geslagsregister, met foto’s op cd, verkoopprys is R200.00.

Verpakking, versending en versekering na adresse, binne die RSA, beloop ’n ekstra R50.00.

2. Die geslagsregister in boekformaat, maar wat nie die foto’s insluit nie, se verkoopprys is R550.00. Saam met die boek kan u dan ook ’n volledige register met foto’s op cd koop. Totale prys gaan dan R750.00 bedra.

Verpakking,versending en versekering na adresse, binne die RSA, beloop ’n ekstra R100.00. (Slegs ‘n baie beperkte aantal registers is nog beskikbaar).

Daar word voortgegaan om die geslagsregister asook die foto-albums op te dateer en uit te brei. ‘n Beroep word op alle Vermeulens en Vermeulenafstammelinge gedoen om moontlike foute en tekortkominge aan ons uit te wys en addisionele inligting, fotos van persone en fotos van grafstene aan ons te verskaf.

6 . LIEF EN LEED :

6.1 TROUES : Baie geluk aan die volgende paartjies wat gedurende die afgelope paar maande is die huwelik getree het :

Ben VERMEULEN en Lizanne VAN STADEN troue op 8 Oktober 2011.

Michelle VERMEULEN, dogter van Izak Vermeulen, getroud op 17 September 2011 met Wayne MEYER.

Francois VERMEULEN, en Elmari VAN TONDER troue op 10 Desember 2011

6.2 GEBOORTES :

Baie geluk aan die volgende ouerpare en ook die grootouers met die geboorte van die volgende kinders :

1. ‘n Seunjie, vir Hendrik Christoffel en Marli Vermeulen, Hendrik Christoffel (Christof), gebore te Plattekloof op 28 Junie 2011.
   Grootouers : Hendrik Christoffel en Christa Vermeulen.

2. ‘n Tweeling, vir Johan en Adelé Vermeulen, dogtertjie, Milla en seuntjie, Steph te Plattekloof op 4
   November 2011.

   Grootouers : Hendrik en Christa Vermeulen.

3. ‘n Dogtertjie, vir Francois en Bridgett e Vermeulen, Caitlyn Emma, gebore op 27 Januarie 2012 te Oos -Londen.
   Grootouers : Gert en Lorna Vermeulen.

Drie Hendrik Christoffel VERMEULENS. Oupa, pa en klein (Christof) gebore op 28 Junie 2011.

6.3 PRESTASIES :

Nadia Moore, dogter van Dr. Arno Moore en Amanda Moore, gebore Vermeulen, (dogter van Johan en Annette Vermeulen), was vir die 2011 matriekjaar verbonde aan die Framsby Hoërskool, Port Elizabeth. Sy slaag haar matriekeksamen met sewe onderskeidings met ‘n gemiddeld van 93.7%. Sy word aangewys as die 3de beste matriekleerling vir die

Oos-Kaap. Nadia is tans verbonde aan die Vrystaat Universiteit, waar sy medies studeer. Baie geluk aan Nadia en haar ouers.

Nadia in haar Framsby Hoërskooldrag : 2011.

7. DIE BOND SE BEPLANNING VIR DIE JAAR TOT 28.02. 2013 :

Bestuur het op 21 Januarie 2012 ‘n strategiese beplanningsessie gehou:

Bond van die Vermeulen Familie : Strategiese Doelwitte en

Padkaart 2012/13

Werksessie Saterdag 21 Januarie 2012, Roodepoort

Teenwoordig:

Izak Vermeulen

Johan Vermeulen

Nico Vermeulen

Doel:

Die doel van die werksessie was om ‘n oorsig van die volgende te kry

? Is die doel van die Bond nog relevant?

? Waar staan ons nou?

? Wat wil ons bereik gedurende 2012/13

A. Is die doel van die Bond nog relevant?

Die oorspronklike doelwit van die Bond was om inligting oor die Vermeulen Stamboom in te samel en op te dateer. Hierdie doelwit het mettertyd verander na 'n meer aktiewe Bond wat daarop gemik is om aktief lede te werf, lede betrokkenheid aan te moedig en om bestaande lede te behou.

B. Waar staan ons nou?

'n Ontleding van die bestaande stand van sake aan die hand van 'n driepunt ontleding (**3C's**) naamlik **C**oncept (Konsep) - waar gaan ons heen?, **C**ompetencies (Wat kan ons) – wat doen ons goed? en

Commitment (Passie en betrokkenheid) toon dat laasgenoemde n ie toereikend is ten einde die doelwit van die bond na te streef nie en is as 2012/13 prioriteit geidentifiseer. Die konsep en vaardighede van die Bond is voldoende om die doelwitte van die Bond te ondersteun.

C. Wat wil ons bereik gedurende 2012/13?

Na 'n bepreking is besluit dat die optimistiese, maar haalbare fokus die volgende is:

TEEN 28 FEBRUARIE 2013 WIL ONS 50 (VYFTIG) NUWE LEDE IN DIE BOND SE GELEDERE VERWELKOM.

Hierdie doelwit gaan bereik word deur:

1. Nuwe lede deur middel van elektroniese skakeling te werf. 'n Facebook profile gaan vir die Bond geskep of oorgeneem word (indien daar reeds een bestaan). Retha se bereidwilligheid om hiermee te help gaan baie waarde toevoeg en 'n versoek sal aan haar gerig word.
2. Die bestaande nuusbrief gaan elektron ies beskikbaar gestel word, maar die lede wat 'n gedrukte kopie verkies, sal geakkomodeer word. 3. Die webbladsy gaan verbind word met die nuusbrief en facebook.
4. 'n Aansluiting insentief gaan geloods word: Die eerste 20 bestaande lede wat 'n nuwe lid werf gaan 'n gratis pet of bierbeker ontvang (onderhewig aan beskikbare voorraad).

5. Die eerste 20 lede wat gewerf word gaan ‘n glas ontvang as verwelkomingsgeskenk. Nico sal die glase en posgeld borg.
6. ‘n Elektroniese kopie wat die stamboom van ‘n lid/vriend bevat sal gratis aan ‘n lid/vriend verskaf word op versoek.

1. ‘n Vraelys gaan saamgestel en versprei word om die lede se behoefte en waarde wat die Bond vir hulle bied te toets. (Watter

   aktiwiteite sou lede van die Bond verwag). Hierdie vraelys gaan ook as inset gebruik word om bestaande data op te dateer en inligting by te werk en ‘n profiel van bestaande lede te skep. ‘n Toegevoegde waarde vir lede kan geskep word waar lede mekaar onderlik ondersteun.
2. Kommunikasie van die doelwitte en skenkings gekoppel aan spesifieke aksies , gaan oorweeg word.

NB. ‘n Facebook geselsgroep is vir die Bond geskep en word deur Nico Vermeulen instand gehou : “Die Bond van die Vermeulen Familie in Suider-Afrika”

---

8. BOND BANKBESONDERHEDE :

REKENING : Bond van die Vermeulen Familie **,**

BANK : ABSA,

TAK : Cresta,

TIPE REKENING : Spaarrekening,

REKENINGNOMMER : 907 019 5133,

TAKKODE : 632 005.

9. ADVERTENSIES

VERMEULEN FORMS TRUST
BUSINESS FORMS SPECIALISTS
REG. NO.: IT 964 / 1995
P.O. Box 3092 • Bloemfontein 9300
Tel. (051) 5221502 • Fax. (051) 5226742
Cell. 083 6265 966
WIMPIE VERMEULEN
• Continuous & Laser Labels
• A4 & Fax Paper
• Printer Toners & Ribbons
• Continuous Plain Paper
• Preprinted Business Forms
• General Printing

Sarel Vermeulen van Bredasdorp se kunswerk.
Vermeulen Vervoer, tel. 028 424 1793.

Mike Vermeulen

Manager: Human Capital (Western Cape) | Tourvest Travel Services

Redefine North Wharf, 42 Hans Strydom Avenue, Foreshore, Cape Town 8001

[t] +27 (0) 21 408 9974 **[m]** +27 (0) 83 252 0364 **[f]** 086 522 8639

[e] Mike.Vermeulen@travel.co.za

[Emergency Call Centre] 0861 357 159 or +27 11 541 1152

TOURVEST TRAVEL SERVICES
We want your feedback on our service
SBC
CLICK HERE

Nicky`s Tours & Transfers
Nicolene Vermeulen
Western Cape Tourist Guide Nr WC2816 | Valid PDP
(Somerset-Wes)
Landline: +27 21 852 2532 Mobile: +27 82 925 8550 x2email: 086 628 9408
Email: duckpond@netactive.co.za

AANHANGSEL 1

BOND VAN DIE VERMEULEN FAMILIE, LEDE of VRIENDE

VRAELYS :

Voltooi en stuur per epos of faks terug asb. :

1. **Lidnommer : ……**
2. **Van en volle name : ……**
3. **Is u ‘n lid/vriend van die Bond : Ja/ Nee**
4. **Volledige posadres : ……**

   ……...

   ……...

   ……...

5. **Telefoonnommer :**

   Woning : …… Werk :…… ……..

   Selnommer : ……

6. **Eposadres : ……**
7. **Enige voorstelle en/of aanbevelings van wat u graag van die Bond verwag: ……**

   ……...

.....

AANHANGSEL 2 :

AANSOEK OM LIDMAATSKAP : LID/VRIEND VAN DIE BOND.

1. PERSOONLIKE BESONDERHEDE

VAN _____TITEL _____

VOLLE VOORNAME _____

NOOIENSVAN _____

GEBOORTEDATUM _____

POSADRES _____

_____

POSKODE
_____

WOONADRES _____

_____

POSKODE _____

TEL NR. HUIS (_____)_____

TEL NR. WERK _____FAKS_____

S EL _____ _

E -POSADRES _____

VERWANTSKAP NAAM VAN OUER(S), VOOG(DE) OF EGGENOOT

_____

Hiermee my tjek/posorder/ban kdepositobewys vir R_____
synde die

intreelidmaatskapfooie. Ek onderneem om :

1 . Die grondwet van die Bond van die Vermeulen familie te onderskryf en uit te lewe.

2. Die jaarlikse lidmaatskapfooie voor die vasgestelde datum te betaal.

_____ _____

GETEKEN DATUM